104/84

S W A 24/84

JONAS PAULUS APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

J J F HEFER, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen

JONAS PAULUS APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

CORAM ; CILLIè , VAN HEERDEN *et* HEFER, ARR.

AANGEHOOR : 17 SEPTEMBER 1984.

GELEWER : 20SEPTEMBER 1984.

---

# U I T S P R A A K

HEFER, AR :

Die appellant en ene Matheus het in die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika tereg gestaan op 'n aanklag

van..........2

van moord en etlike ander aanklagte. Hulle verskyning het voortgespruit uit 'n reeks voorvalle waarby hulle betrokke was by verskeie krale in die omgewing van Oshakati gedurende die nag van 2-3 Januarie 1983. Gewapen met semi-outomatiese gewere het hulle van kraal tot kraal beweeg en blindelings skote afgevuur op mense en geboue waarin daar, tot hulle wete, mense was. Hulle het geroof en geplunder, by een kraal 'n vrou verkrag en by 'n ander kraal het die appellant 'n ou man doodgeskiet. Dit het aanleiding gegee tot die moordklag.

By die verhoor het beide van hulle onskuldig gepleit op laasgenoemde aanklag maar skuldig op meeste van die ander. Appellant is skuldig bevind aan moord

sonder.........3

sonder versagtende omstandighede, poging tot moord (3 klagtes), roof met verswarende omstandighede (4 klagtes) en verkragting. Weens die moord is hy ter dood veroordeel maar verlof is aan hom verleen om te appelleer teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was nie en teen die opgelegde vonnisse op al die aanklagte.

Hoewel dit gemene saak was dat die appellant en Matheus die betrokke nag by die oorledene se kraal opgedaag het, dat hulle by sy vrou verneem het waar die eienaar van die kraal was, dat hulle na die hut is waarheen sy hulle beduie het, dat appellant die oorledene daar geskiet het en homself daarna saam met Matheus uit die voete gemaak het, het nòg die appellant nòg Matheus

enige getuienis voor skuldigbevinding aangebied. Appellant se skuldigbevinding aan moord het onvermydelik gevolg. Matheus is op daardie aanklag egter vrygespreek aangesien die Verhoorhof nie oortuig was dat die oorledene gedood is in die uitvoering van 'n gemeenskaplike doel tussen die twee beskuldigdes nie.

Na skuldigbevinding het die appellant getuig (met die oog op die bewys van versagtende omstandighede) dat hy in Angola gebore is en daar skoolgegaan het tot standerd 5 toe die skole in daardie land gedurende 1974 by die beëindiging van die Portugese bewind, gesluit is. Op 14 jarige leeftyd het hy by Unita aangesluit en spoedig betrokke geraak by die burgeroorlog teen die

M P L A en Kubaanse magte. Gedurende 1979 het hy die Suidwes-Afrikaanse grens oorgesteek en gedurende 1980 lid geword van 'n kontingent van die Suid-Afrikaanse en Suidwes-Afrikaanse Polisie genaamd Koevoet. Sedertdien het hy teen Swapo geveg.

Die gebruik in die eenheid was dat sy lede afwisselend 'n week aktiewe diens in die operasionele gebied gedoen het en dan 'n week in Oshakati gerus het. Op 2 Januarie 1983 was appellant weer tydens so 'n rusperiode op Oshakati. Die betrokke dag het hy saam met Matheus en andere gedrink en teen die aand was hy, soos hy dit gestel het, "dronk". Hy en Matheus het toe besluit om meisies te agan soek. Hoe dit gekom het dat hulle ook

begin roof het, blyk nie uit sy getuienis nie. Al wat appellant daaroor getuig het, was "------die drank het ons oorwin, toe het ons hierdie ding gaan aanvang". Sy getuienis oor die voorval by die oorledene se kraal was ewe lakoniek. Dit lui soos volg:

> "Die getuienis wat gelewer is deur die Staat het gesê dat jy met 'n flitslig geloop het na die ouman se hut om hom te gaan beroof, is dit reg?-----Ja.
>
> Die Staatsgetuies het ook gesê dat jy met die flits in die ouman se hut ingelig het, is dit reg?------Ja.
>
> Wat het jy daarbinne-in die hut gesien?-----Ek het die ouman daar in die hut gesien.
>
> Het die ouman gelê, of wat het hy gedoen?-----Die ouman het van sy bed afgespring en na die geweer toe beweeg.
>
> Het hy geloop na die geweer toe, of gehardloop?-----Hy het net geloop

om sy geweer te gaan vat.

Toe skiet jy hom?-----Ja.

Hoekom het jy hom geskiet?-----Ek het gedink die ouman, soos hy na die geweer toe gegaan het, wou hy vir my geskiet het,en ek het toe eerste geskiet."

Hoewel dit hoegenaamd nie in ooreenstemming was met appellant se bewerings in sy pleitverduideliking nie, het die Verhoorhof hierdie getuienis aanvaar. Wat appellant se beweerde dronkenskap betref, is bevind dat hy vroeër die betrokke dag "'n groot hoeveelheid"drank ingeneem het en dat hy "op 'n stadium" onder die invloed van drank moes gewees het. Gesien o a die redelike lang tydsverloop sedert sy laaste inname van drank en sy opwagting by die oorledene se kraal, en die feit dat hy 'n rasionele relaas van dei [die] gebeure die

betrokke aand kon gee, is egter bevind dat sy vroeëre beskonkenheid nie 'n beduidende rol gespeel het nie en nie op sigself 'n versagtende faktor was nie.

'n Faktor waarop by die verhoor sterk gesteun is as versagting het voortgespruit uit die getuienis van Dr Shubitz, 'n neuroloog-psigiater, wat ten behoewe van die verdediging getuig het oor 'n totale geestesverandering wat enige persoon kan ondergaan as gevolg van langdurige en volgehoue indoktrinasie wat daarop toegespits is om sy denkwyse in 'n bepaalde rigting te stuur, en wat hom in staat stel tot dade wat hy andersins nooit sou gepleeg het nie. In appellant se geval, aldus Dr Shubitz, is hy reeds sedert sy toetrede tot Unita

geïndoktrineer met die gedagte van die uitwissing van die "vyand", en dit is nog dieper by hom ingeskerp toe hy tot die geledere van Koevoet toegetree het. Sedert hy 14 jaar oud was, was hy met niks anders gemoeid as die praktiese volvoering van daardie allesoorheersende gedagte nie; as volwassene het hy geen ander lewe geken nie as diè van 'n vegtende soldaat wat, in situasies waarin sy eie lewe dikwels op die spel was, voortdurend toegespits was op die bevegting en uitwissing van die vyand. Die gevolg was dat hy 'n oorlogsmasjien geword het wat geprogrameer is om dood te maak; hy het deel geword van 'n wrede oorlog waarin dood en verwoesting alledaags geword het; hy het sy makkers grusaam sien

sneuwel en op sy beurt self 'n onbepaalde aantal vyande om die lewe gebring. Dit alles het van hom 'n gevoellose wese gemaak met min agting vir sy eie lewe of dié van andere.

Toe hy gevra is om 'n verduideliking vir appellant se optrede teenoor die oorledene, het Dr Shubitz as volg getuig:

> "-------in the bush, he says, it is one against one. He says I have a gun, he has a gun and you do the best you can to survive and I think that if one were looking for explanations, that perhaps he felt that this was a bush experience, that he was exposed to somebody who might shoot him and I think, reflexedly and automatically and very rapidly he shot him first. This is the only explanation one can

offer........11

offer. It would be just a matter of survival---------"

Hy het egter toegegee dat

"-------he is able to distinguish between being in the bush and fighting Swapo guerillas, and going off somewhere getting drunk and raping and shooting somebody, he has a clear ability to make a distinction. He is not pscychotic---------"

Die Verhoorhof het Dr Shubitz se getuienis grotendeels aanvaar. Die uitspraak lui soos volg in hierdie verband:

"Dat 'n toestand soos beskrywe deur Dr Shubitz teweeggebring word op die wyse soos deur hom uiteengesit moet aanvaar word en moet, op al die getuienis, na ons mening ook aanvaar word dat beskuldigde daardeur ook geestelik

> beïnvloed is. Dat dit dus in 'n gepaste geval 'n versagtende omstandigheid kan wees wat tot gevolg het dat 'n beskuldigde se doodslag met minder verwyt bejeën word is nie te betwyfel nie."

Die geleerde regter het egter, nadat hy verwys het na Dr Shubitz se getuienis betreffende die appellant se vermoë om te onderskei tussen 'n "oorlogsituasie" en 'n "situasie waar hy in vreedsame kontak met die gemeenskap is", as volg voortgeredeneer:

> "Die beskuldigde is dus nie iemand wat sonder diskresie doodmaak wat ookal voorkom nie. Die vraag ontstaan dus, gesien hierdie onderskeidingsvermoë van die beskuldigde, het die feit van sy breinspoeling en indoktrinasie 'n rol gespeel by die doodslag van die oorledene in omstandighede waar die beskuldigde hom nie in'n

oorlogsituasie bevind het nie."

Wat hierdie vraag betref is in die uitspraak gewys op appellant en Matheus se opeenvolgende gewelddade by die verskillende krale. Dit het die Hof genoop tot 'n bevinding dat

> "Na ons mening het die beskuldigde nie daarin geslaag om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat toe hy die oorledene geskiet het sy gemoedstoestand beïnvloed was deur die indoktrinasie en breinspoeling wat hy ondergaan het nie.
>
> Op al die bewese feite en getuienis is ons van mening dat die beskuldigde wel deeglik bewus daarvan was dat hy homself nie in 'n situasie bevind het soortgelyk aan 'n oorlogsituasie nie. Hy het oor die oordeelsvermoë beskik om te kan onderskei en het dit inderdaad ook gedoen. Na

> ons mening toon die getuienis dat die beskuldigde die betrokke aand daarop uit was om te roof en verkrag en hy het eenvoudig alle teenstand wat in sy weg gekom het met sy geweer uit die pad gevee."

In hierdie Hof is die bevinding dat appellant oor die onderskeidingsvermoë beskik het waarna die geleerde regter hier verwys, tereg nie aangeveg nie. Appellant se advokaat het nogtans aangevoer dat die Verhoorhof fouteer het in sy verdere bevinding dat die moord nie in verband gebring kon word met appellant se geestestoestand, voortgebring deur indoktrinasie, soos deur Dr Shubitz beskryf nie.. Inteendeel, so het die betoog gelui, die getuienis dui juis daarop dat sy geïndoktrineerde geestestoestand waarskynlik die enigste

rede vir die moord was.

Ek kan egter nie saamstem nie. Die indoktrinasie waaroor Dr Shubitz getuig het (en wat in ooreenstemming was met appellant se eie getuienis) het betrekking gehad op die uitwissing van 'n vyand in 'n oorlogsituasie; vir sover dit gesê kan word dat appellant "geprogrameer" is om dood te maak, het dit betrekking op militêre optrede; Dr Shubitz het nooit gesuggereer dat appellant geïndoktrineer is om koelbloedig moord te pleeg nie. Nog minder kan die toneel wat hom die betrokke nag in die oorledene se hut afgespeel het(volgens appellant se getuienis), vergelyk word met 'n toneel êrens in die bos waar appellant te staan mag gekom het

voor.......16

voor 'n teenstander wat na 'n wapen gryp. So 'n vergesogte vergelyking sou, volgens Dr Shubitz, selfs die appellant nie gemaak het nie - al sy indoktrinasie en grusame ondervindings op die slagveld ten spyt.

Wat wel, meen ek, 'n moontlikheid is, is dat appellant se opleiding en ondervinding in guerillaoorlogvoering onwillekeurig die oorhand gekry het toe hy gemerk het dat die oorledene na 'n vuurwapen beweeg het, in die sin dat hy homself bedreig gevoel het en daarop instinktief die roetine gevolg het wat hy ongetwyfeld meermale in die verlede moes gevolg het naamlik om te sorg dat hy die eerste skoot inkry. Maar aleer hierdie moontlikheid die appellant tot voordeel kan

strek moet dit verhef kan word tot waarskynlikheid bo ander moontlikhede wat hulleself voordoen. En daarvan is daar etlike ooglopendes. Die Verhoorhof was tevrede dat appellant "alle teenstand wat in sy weg gekom het met sy geweer uit die pad" wou vee en sy advokaat het geen poging aangewend om hierdie Hof te probeer oortuig dat dit nie minstens 'n ewe sterk moontlikheid is nie. Trouens, te oordeel aan appellant se roekelose hantering van sy wapen vroeër die aand by ander krale, die feit dat hy dit o a doelbewus gebruik het om doodsdreigemente teenoor weerlose vroue wat hy beroof het te versterk, en om 'n vrou wat van hom weggevlug het ten einde verkragting te voorkom koelbloedig

te verwond, kan daar min twyfel bestaan oor die juistheid van daardie siening.

Wat die inname van drank betref, het appellant se advokaat in die Verhoorhof sowel as in hierdie Hof toegegee dat dit geen noemenswaardige rol kon gespeel het, hetsy in samehang met sy indoktrinasie en oorlogservaring, of as selfstandige faktor nie.

Myns insiens was die Verhoorhof derhalwe korrek in sy bevinding dat geen versagtende omstandighede bewys is nie.

Wat betref die ander aanklagte waarop appellant skuldig bevind is, het ek vantevore aangedui dat verlof aan hom verleen is om teen die opgelegde

vonnisse te appelleer. Sy advokaat het egter toegegee dat hy nie kon aanvoer dat die vonnisse onvanpas was nie. En ek stem met hom saam.

Die appèl word afgewys.

---

J J F HEFER, AR.

CILLIè, AR. )
STEM SAAM.
VAN HEERDEN, AR. )